NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

---

## INSTRUKSIES AAN ONDERWYSER EN OPSIENER

## BESONDERHEDE VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN (VRAESTEL II)

Onderwysers moet seker maak dat die volledige pakket (woordverwerker, spreitabel en databasis), met inbegrip van assistente (*wizards*) en hulp, geïnstalleer en beskikbaar is op die rekenaars wat gebruik word deur leerders wat hierdie vak neem en hierdie eksamen aflê. Leerders sal die gebruik van 'n teksredigeerder, byvoorbeeld Notepad, WordPad, Komodo of Notepad ++, vir die HTML-kodering benodig. Vir leerders wat in Afrikaans skryf, moet 'n Afrikaanse speltoetser geïnstalleer wees. Indien jy Microsoft-sagteware gebruik, is Microsoft Office 2007 die minimum sagtewarevereiste. Dit is nodig vir Graad 12 in 2019.

In die drie-uureksamen sal leerders probleme moet oplos deur die toepassingspakkette, naamlik woordverwerking, spreitabelle, databasisse en webontwikkeling, te gebruik. Die leerders sal geëksamineer word oor die vaardighede en inhoud wat beskryf word in *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring* (*KABV*) *Rekenaartoepassingstegnologie* – Afdeling 3. Department: Basic Education Republic of South Africa (2011).

### *Gebruik van skywe*

Data en/of die struktuur van die data (skermkiekies van die datalêers) sal op CD aan skole verskaf word vir gebruik in die Praktiese Eksamen. Die RTT-onderwyser moet die data-CD wat aan skole verskaf word twee dae VOOR die eksamen gaan plaasvind, kontroleer. Die RTT-onderwyser moet seker maak dat die skywe virusvry is en toeganklik is en deur die toepaslike sagteware gelees kan word. Die RTT-onderwyser moet ook reëlings tref om die data beskikbaar te maak (*na gelang van die weergawe van Office, byvoorbeeld 2007, 2010*) vir die kandidate wat die eksamen skryf soos uiteengesit in die eksameninstruksies wat die vraestelle vergesel. Hierdie instruksies word in 'n afsonderlike koevert afgelewer wat oopgemaak moet word twee dae voor die eksamen geskryf word. Onderwysers MOENIE die verseëlde koeverte wat die eksamenvraestelle bevat voor die dag van die eksamen oopmaak nie.

### *Indiening van die praktiese eksamens om nagesien te word*

Nadat die eksamen afgehandel is, is dit die onderwysers se verantwoordelikheid om seker te maak dat al die leerders se data op die twee skywe wat deur die IEB voorsien word, geplaas word en dat 'n rugsteunkopie ook gemaak word. Elke leerder moet hul eie gids hê met hul eksamennommer as die naam en alle lêers daarin vervat. Die onderwyser en hoof sal die vorms onderteken om te verklaar dat dit korrek gedoen is, waarna die skywe aan die IEB gestuur moet word. Elke CD moet 'n kopie van **AL** die leerders se gidse bevat. Dit moet in die sluitbare IEB-eksamensak geplaas word binne die tyd wat in die eksamen-instruksies voorgeskryf word.

IEB Copyright © 2019

**OMSENDBRIEF NO. 52/2019** **2 Mei 2019**

**AAN: PRINSIPALE VAN SKOLE WAT KANDIDATE VIR DIE 2019 NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN INSKRYF**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE PRAKTIESE EKSAMEN (RTT VRAESTEL II)**

**Indiening van die praktiese eksamens vir nasiening**

Die Rekenaartoepassingstegnologie: Vraestel II (Praktiese Eksamen) is geskeduleer vir Woensdag, 23 Oktober 2019, vanaf 9:00 tot 12:00. Wanneer die eksamen voltooi is:

1. Dit is die verantwoordelikheid van die RTT-onderwysers om te verseker dat al die kandidate se data op die twee kompakskywe met strepieskodes geplaas word, wat deur die IEB voorsien sal word.

2. Elke kandidaat moet hulle eie lêergids op die kompakskywe hê, met hul eksamennommer as die naam van die lêergids. Alle lêers moet in die relevante lêergids geplaas word.

3. 'n Rugsteunkopie moet ook gemaak word en tot 28 Februarie 2020 by die skool op toepaslike bergingsmedia gehou word, om toe te laat dat die hernasienproses afgehandel word.

4. Die twee kompakskywe met die strepieskodes wat die IEB voorsien het, moet in die opgestopte koevert geplaas word en in die elektroniese eksamensak toegesluit word, nie later as Woensdag 23 Oktober 2019 om 17:00 nie.

5. **'n Voltooide en getekende afskrif van die byvoegsel wat by hierdie omsendbrief ingesluit word (PRAKTIESE EKSAMENVERKLARING IN GRAAD 12, 2019) moet by die opgestopte koevert ingesluit word.**

6. Die elektroniese eksamensak met die RTT praktiese eksamen kompakskywe moet teen Vrydag 25 Oktober 2019 aan die IEB teruggestuur word.

7. Die twee kompakskywe met strepieskodes en die opgestopte koevert sal in dieselfde versending as die RTT Praktiese Finale Eksamen aan skole gestuur word.

Lig asseblief u RTT-onderwysers en ook die hoofopsiener van u skool in oor die inhoud van hierdie omsendbrief.

**Helen Sidiropoulos**
**Assesseringspesialis**

**Margie Luckay**
**Seniorbestuurder: Ondersteuning**

IEB Copyright © 2019

## BRIEF VAN DIE SKOOLHOOF EN RTT-ONDERWYSER(S)

*Byvoegsel tot Omsendbrief no.52/2019*

| | |
|---|---|
| Naam van skool | |
| Sentrumnommer | |
| Voltooi deur | |
| Betiteling | |

Die IEB
Posbus 875
Highlands North
2037

Beste IEB

**RE: PRAKTIESE EKSAMENVERKLARING IN GRAAD 12, 2019**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE**

| **Ons verklaar dat ons seker gemaak het dat** | **Merk u keuse met 'n kruisie** | |
|---|---|---|
| al die werk in elke leerder se lêergids van die eksamenlokaal gekopieer is na die IEB kompakskywe sonder enige modifikasies van enige aard. | JA | NEE |
| al die werk in elke leerder se lêergids slegs die werk van daardie leerder is. | JA | NEE |
| twee afskrifte van die leerders se lêergids gestuur is na die IEB op die twee kompakskywe wat deur die IEB verskaf is. | JA | NEE |
| een drukstuk van elke leerder se praktiese eksamen, benoem met die eksamennommerplakker, na die IEB gestuur is. | | |
| **GEEN LEERDER TOEGANG TOT DIE INTERNET GEHAD HET GEDURENDE DIE EKSAMEN NIE.** | JA | NEE |
| geen hulp of bystand van enige aard aan die leerder verleen is of toegelaat is om verleen te word nie anders as van 'n tegniese aard soos in die Eksamen Instruksies gestel is. | JA | NEE |
| 'n afskrif van al die leerders se werk op die skoolsisteem gestoor is. | JA | NEE |

**RTT-ONDERWYSER/S** **HOOF**

**DATUM** **DATUM**

IEB Copyright © 2019